

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| Logo   | DATUM      | DATUM          |       | + - WEEK GELEDE |   | + - MAAND GELEDE |          | + - JAAR GELEDE |      |
|--|------------|----------------|-------|-----------------|---|------------------|----------|-----------------|------|
|  | 2015/11/30 | 2015/11/27     |       | 2015/11/23      |   | 2015/11/02       |          | 2014/12/01      |      |
|  | Data       | Δ              | Δ%    | Data            | Δ%  | Data             | Δ%       | Data            | Δ%   |
| Brent (\$/b)   | 44.73      | -0.71          | -1.6% | 45.44           | 1%  | 44.19            | -8%      | 48.87           | -38% |
| US\$: ? ZAR  | 14.39      | 0.036          | 0.3%  | 14.35           | 3%  | 14.01            | 5%       | 13.75           | 31%  |
| ΔCBOT 8vm : 12nm*  | R 2,039.25 | -29            | -1.4% | R 2,067.99      | *CBOT Des sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Des +12:00 die vorige dag |                  |          |                 |      |
| ΔCBOT 8vm : 12nm*  | R 2,438.63 | -89            | -3.5% | R 2,527.38      | *CBOT Des sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Des +12:00 die vorige dag  |                  |          |                 |      |
| ΔCBOT 8vm : 12nm*  | R 4,606.30 | -9             | -0.2% | R 4,615.74      | *CBOT Nov sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Nov +12:00 die vorige dag     |                  |          |                 |      |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) |            |                |       |                 |   |                  |          |                 |      |
| Corn Spot (Dec)  | 360.00     | -6.00          | -1.6% | 366.00          | -1%   | 362.00           | -4%      | 376.50          | -14% |
| Wheat (Dec)  | 461.25     | -18.00         | -3.8% | 479.25          | -6%   | 489.25           | -9%      | 508.00          | -27% |
| Soybean (Jan)  | 871.25     | -4.00          | -0.5% | 875.25          | 1%  | 864.25           | -1%      | 878.75          | -13% |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))                      |            |                |       |                 |   |                  |          |                 |      |
| SORGHUM SPOT   | 3180       | 0              | 0.0%  | 3180            | 0%  | 3180             | 5%       | 3040            | 38%  |
| WMAZ SPOT  | 3369       | 70             | 2.1%  | 3299            | 5%  | 3214             | 3%       | 3285            | 69%  |
| YMAZ SPOT  | 3359       | 84             | 2.6%  | 3275            | 4%  | 3220             | 11%      | 3035            | 65%  |
| SOY 50 SPOT  | 5999       | 204            | 3.5%  | 5795            | 1%  | 5925             | 4%       | 5750            | 11%  |
| SUN SPOT   | 6975       | 175            | 2.6%  | 6800            | 4%  | 6687             | 2%       | 6820            | 48%  |
| WHEAT SPOT   | 4524       | 22             | 0.5%  | 4502            | 3%  | 4381             | 6%       | 4280            | 19%  |
| OLIESADE   | 2015/11/26 | Bron: Oilworld |       | 2015/11/19      | Aug 2015  |                  | Aug 2014 |                 |      |
| Soya-oil, Arg.   | 696        |                |       | 4%              | 668   | 10%              | 633      | -15%            | 821  |
| Soya-pell, Arg.  | 317        |                |       | -1%             | 321   | -12%             | 359      | -32%            | 469  |
| Soybean, Brazil  | 374        |                |       | 2%              | 366   | -9%              | 410      | -30%            | 535  |
| USA Runner 40/50   | 1175       |                |       | 0%              | 1175  | 2%               | 1150     | -7%             | 1260 |
| Sun-oil, Arg.  | 755        |                |       | -1%             | 760   | -4%              | 787      | -20%            | 939  |
| Sun-oil, Black Sea   | 795        |                |       | -1%             | 800   | 6%               | 751      | 2%              | 776  |
| Sunseed, Black Sea   | 450        |                |       | -1%             | 455   | 15%              | 393      | 23%             | 367  |
| Rapeseed, EU cif   | 404        |                |       | 1%              | 400   | -2%              | 411      | -5%             | 427  |
| Palmk oil Mal, EU  | 810        |                |       | 5%              | 770   | 10%              | 739      | -14%            | 943  |

### JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Eksterne Markfaktore:** Vanoggend is die rand 0.3% swakker teenoor die VSA dollar teenoor vlakke van Vrydag middag. Die rand verhandel tans op R14.39. 'n Swakker rand bied ondersteuning vir plaaslike graan- en oliesadepryse. Sommige dele van Suid-Afrika het ligte reën ontvang oor die afgelope paar weke, wat hulle in staat gestel het om voort te gaan met aanplantings. 'n Groter deel van die land bly uiters droog, veral die sentrale en westelike gebiede. Vanoggend het die weervoorspelling tekens van maontlike ligte reën oor die somer gewas produseerende gebiede oor die volgende 8-dae aangedui, na raming tussen 10 tot 30 millimeter.

**Sojabone: Plaaslike perspektief** - Vrydag was die plaaslike sojaboon spotprys met R204/ton hoër vanaf die vorige dag se prys en het op R5999/ton gesluit as gevolg van lae plaaslike voorrade en verhoogde vraag. SAGIS het berig dat Suid-Afrika se sojaboon voorrade in Oktober 2015 op 411 261 ton staan, wat 22% laer as die vorige maand is. In dieselfde maand was die plaaslike verbruik berig op 127 173 ton, wat 11% hoër is as die vorige maand. **Internasionale perspektief** - sojaboonpryse het hoofsaaklik sywaarts beweeg verlede week, met die Suid-Amerikaanse nuus wat die mark oorheers het. Daar is verwagtinge dat die nuutverkose Argentynse regering die uitvoerbelasting van grane en oliesade sal verwyder. In Brasilië, beïnvloed onvoldoende reënval nog steeds sojaboon gewasstoestand in die sentrale gebiede van die land, terwyl die suide weer getref is deur oormatige reënval. Daar word egter steeds verwag dat Brasilië se 2015/16-sojaboonoes groot sal wees - beraam op 100 miljoen ton.

**Sonneblomsaad: Plaaslike perspektief** - Vrydag was die plaaslike sonneblomsaad spotprys met R175/ton hoër vanaf die vorige dag se prys en het op R6975/ton gesluit as gevolg van lae plaaslike voorrade en 'n swakker rand. SAGIS het Suid-Afrika se sonneblomsaad voorrade in Oktober 2015 op 199 793 ton aangemeld, wat 'n 28% maand-tot-maand afname is. Terselfdertyd, is die plaaslike vraag aangemeld op 81 491 ton, wat 1% laer is vanaf die vorige maand. **Internasionale perspektief** - Verhoogde sonneblomsaadproduksie in Rusland en die Oekraïne het gelei tot hoër sonneblomolie-produksie, met die Oktober 2015 produksie aangemeld op 400 000 ton en 393 000 ton, onderskeidelik. Volgens Oilworld, was 'n groot deel van dié olie uitgevoer na Indië, China, Turkye en die EU.

**Canola: Plaaslike perspektief** - die NOK se vierde canola produksieskatting word op 105 400 ton beraam wat onveranderd is teenoor verlede maand se skatting maar 13% laer as die vorige seisoen; dit kan toegeskryf word aan 'n 18% daling in die oppervlakte aangeplant. **Internasionale perspektief** - Kanada is steeds een van die grootste uitvoerders van canola - hulle "Grain Commission" het berig dat 1.09 miljoen ton canola gedurende Oktober 2015 uitgevoer is met China as die grootste bestemming.

**Grondbone: Plaaslike perspektief** - SAGIS berig Suid-Afrika se grondbone voorraad vir Oktober 2015 op 34 421 ton, wat 'n 16% maand-tot-maand afname is. In dieselfde maand, was die plaaslike vraag 8 147 ton (73% hoër teenoor die vorige maand). **Internasionale perspektief** - die VSA se grondboonprys (Runner 40/50) was op dieselfde vlakke as die vorige week, VSA \$1175/ton, maar 12% laer as verlede jaar. Hierdie afname is hoofsaaklik weens groot wêreldvoorrade en sal waarskynlik pryse onder druk hou oor die kort-tot-medium termyn. Oilworld raam die 2015/16 wêreld grondboonproduksie (uitgedop) op 28 miljoen ton, wat 900 000 ton hoër is as die vorige seisoen. Dit is a.g.v. verhoogde produksie in die VSA, Senegal en China. Die stroopproses in die VSA is amper klaar, en word deur die USDA op 2.1 miljoen ton beraam (19% hoër jaar-op-jaar). **Afrika** - Senegal kan die grootste grondboonoes in vyf jaar hê as gevolg van buitengewone goeie reënval - hul amptelike 2015/16 oesskatting is 1.1 miljoen ton.

Vir enige navrae, kontak asb: Wandile Sihlobo, E-pos: [wandile.sihlobo@grainsa.co.za](mailto:wandile.sihlobo@grainsa.co.za)